# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (40/09)

*Justin Chadwick (9 October 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG:" "We are living in a world today where lemonade is made from artificial flavors and furniture polish is made from real lemons" Alfred Newman***

## 2009 OORSIG: SUURLEMOENE

2008 was so 'n goeie jaar vir suurlemoene (onthou van 25 Euro aan die begin van die seisoen) dat meeste van die suurlemoenprodusente waarskynlik die jaar in 2009 kon afgevat het!!!! Aan die begin van die jaar het dinge in Europa nie goed vir uitvoerders van suurlemoene gelyk nie met pryse van 10 tot 12 Euro vlakke vir weke 19 tot 31. Groot oeste in Spanje het beteken dat hul in Julie nog steeds geoes het en daarom het meeste Suid-Afrikaanse uitvoerders van die Europese mark weggebly. In week 32 het pryse herstel tot 13 Euro getoon en toe, na berigte van kleiner Argentynse volumes (as gevolg van ryp) tot 'n piek van 20 Euro in weke 36/37 opgeskiet. Sedertdien het pryse teruggeval na die vlakke van 14 Euro. So 2008 en 2009 het totale teenoorgestelde prys neigings getoon - 2008 hemelhoog aan die begin, laer in die middel van die seisoen en dan hoër teen die einde; 2009 laer aan die begin, hoog in die middel van die seisoen en weer laer aan die einde van die seisoen. Wie gaan die mark in 2010 bepaal??

Die onaantreklike markte in Europa kan gesien word aan die uitvoersyfers waar suurlemoene se uitvoere na Noord-Europa van 2 miljoen kartonne in 2008 na 1 miljoen in 2009 gehalveer het, die VK se afname was minder drasties vanaf 1.3 miljoen kartonne in 2008 na 0.9 miljoen in 2009. Suid-Europa het vanaf 0.5 miljoen (2008) na 0.3 miljoen kartonne verminder (2009).

Deur vroeg in die seisoen uit Europa te bly was daar 'n toename in uitvoere van suurlemoen na Midde-Ooste (vanaf 3 miljoen kartonne in 2008 na 3.2 miljoen in 2009). Russiese volumes het vanaf 0.5 miljoen (2008) na 0.8 miljoen kartonne in 2009 toegeneem.

Baie mense sê dat wanneer produsente hul skattings doen hul net so ver as die vorige seisoen kan onthou. Dit was die gevoel toe die Suurlemoen Fokusgroep 'n 9.4 miljoen oes vir 2009 voorspel het (die werklike oes wat in 2008 gepak is, was 9.6 miljoen waarvan 8.8 miljoen as verskeep aangeteken is – 'n verskil van 8%). Soos met alle Fokusgroepe die geval was, is hierdie oorspronklike skatting in latere voorspellings verminder, met die nuutste voorspelling van 8.5 miljoen kartonne dieselfde as die huidige syfer van wat gepak is ('n vermindering van 10% van die oorspronklike skatting). As 8% van wat gepak is, nie verskeep word nie (soos dit die geval in 2008 was) sal die finale syfer van wat verskeep is ongeveer 7.8 miljoen kartonne wees. Alhoewel dit laer is as die rekord van 2008 se 8.8 miljoen kartonne wat verskeep is, is dit aansienlik hoër as in 2006 en 2007 toe 6.6 miljoen kartonne as verskeep in beide die jare aangeteken is.

Dit blyk asof suurlemoene se uitvoervolumes 'n nuwe plato bereik het – vanaf die lae tot middel 7 miljoen karton reeks (2006 7.1 miljoen , 2006 7.5 miljoen, 2007 7.3 miljoen) tot die huidige vlakke (2008 9.4 miljoen, 2009 8.6 miljoen). Terwyl dit 'n feit is dat 2008 se volumes toegeneem het as gevolg van die beter bemarkingsmoontlikhede, sal dit interessant wees om te sien of hierdie hoër volumes behou gaan word. Wat ook duidelik van die oespatrone was, is dat daar 'n heelwat groter eerste oes in 2008 (weke 13 tot 22 jaag hemelhoë pryse) was wat teenoorgesteld is as 2009 waar meer tydens die tweede oes (weke 22 tot 30) en later in die seisoen gepluk is soos verbeterde marktoestande die uitvoerders uitgelok het om die seisoen te verleng.

Die SHAFFE/Freshfel globale sitrus telefoonkonferensie wat op 25 September 2009 gehou is (notules en aanbieding op www.cga.co.za) het terugvoering gegee oor die inligting van die onlangse afgehandelde suidelike halfrond seisoen en die noordelike halfrond seisoen wat pas begin het. Vir die suidelike halfrond het al die lande 'n afname in uitvoere van suurlemoene aangekondig. Argentinië, wat die mees belangrike speler is, se afname vanaf 315 000 ton na 201 000 ton ('n 36% afname ) het 'n groot impak op die markte gehad. Gegewe die Suid-Afrikaanse afname (sien bo) en 'n afname in Chilie (vanaf 39 000 na 23 000 ton – ('n 43% vermindering) is dit nie verbasend dat markte 'n tekort aan suurlemoene aan die einde van die seisoen gehad het nie.

Die noordelike halfrond syfers is interessant – Spanje verwag 'n 20% afname in produksie (vanaf 1 miljoen ton na 800 000 ton), terwyl Turkye 'n toename vanaf 530 000 na 700 000 ton verwag ('n 33% toename). Dit is nie 'n verrassing dat Spanje 'n vermindering in produksie verwag nie – verslae teen die einde van hul vorige seisoen was van swak pryse wat nie die produksiekostes dek nie en van vragte vrugte wat aan die bome gelos is – wat op die komende seisoen 'n impak sou hê. Met Spanje se afname en Turkye se toename behoort die noordelike halfrond se produskie dus baie dieselfde as in 2008/9 te wees. Dit was nog 'n bietjie te vroeg om te voorspel watter hoeveelhede van hierdie produksie uitgevoer gaan word.

## BATES VAN SITRUSPRODUSENTE

CGA is oorspronklik gevorm om die sitrusbedryf se navorsing en tegniese kapasiteit te behou en uit te brei om sodoende marktoegang te verkry, te behou en te verbeter. Deur die jare is ander funksies bygevoeg maar die fokus op marktoegang is behou. Citrus Research International (**CRI) word geheel en al deur die sitrusprodusente besit** en doen navorsingsprojekte en programme vir die bedryf wat grootliks deur die heffing, wat deur CGA geadministreer word, befonds word. Van die navorsing deur CRI het tot kommersiële geleenthede gelei – en eerder as om die geleenthede uit te kontrakteer, het CGA/CRI 'n maatskappy bekend as **River Bioscience (RB) (weereens word dit geheel en al deur die produsente besit**) gestig. Die mees belangrike produk wat deur RB bemark word, is **Cryptogran**. Winste van RB is aan CRI teruggegee om verdere navorsing te befonds en is aangewend om die FCM steriele insek tegnologie maatskappy **XSIT (50% is die eiendom van die produsente**) te begin. As 'n produsent dus Cryptogran koop (en nie 'n ander produk nie) dra hy/sy direk tot die navorsingspoging by en tot hul eie assosiasie se pogings om marktoegang te verkry, te behou en te verbeter.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

| Tot Week 40 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelos | 14.3 m | 12.8 m | 14 m | 12.4 m | 13.5 m | 15.1 m | 14 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 7.3 m | 6.8 m | 6.5 m | 6 m | 7.4 m | 6.8 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 7.2 m | 9.5 m | 8.5 m | 8.6 m | 7.4 m | 9.4 m | 8.5 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 18.7 m | 21.5 m | 19.4 m | 21.2 m | 19 m | 21.6 m | 19.4 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 42.1 m | 41.7 m | 37.8 m | 35.3 m | 30.1 m | 43 m | 37.8 m | 42.8 m | 40.4 m |
| | 88 m | 92.8 m | 86.5 m | 84 m | 76 m | 96.5 m | 86.5 m | 94 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**